

Mietsie maak skoonskip



Rosie de Jager se wenfoto in die junior-afdeling - "A new life before me".

VANDERBIJLPARK. - Mietsie Visser het tydens die Mei-klubaand van die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging behoorlik haar stempel afgedruk en in drie afdelings koning gekraai.

Die Mei-tema was "Nagfotografie" en Mietsie (5 Stersenior-fotograaf se "Melkweg en rotse" is as die wenfoto aange wys. Sy het ook in die monochroom-afdeling met "Magnificent leopard" gewen (dit was ook die senior-wenfoto van die aand) en was ook die aanlynwenner met "The weak and the strong".

Die junior-wenner (1 - 3 Ster) is Mauritz Faling met "Whale bone Pier".

Rosie de Jager se "A new life before me" is die junior-wenfoto in die monochroom-afdeling en was ook die junior-wenfoto van die aand.

In die afdeling kreatiewe-fotografie is Henk Scheepers die algehele wenner met "The swirl of life". Nicky J van Vuuren se "Stukkies meisiekind" is die junior-wenfoto.

In die senior ope-afdeling (4, 5 Ster en hoër) waar enige foto vertoon mag word, is klubvoorsitter Koos Fourie se "Sunrays through the clouds", die wenfoto.

Mietsie Visser was ook die wenner in die monochroom-afdeling - "Magnificent leopard".



In die junior ope-afdeling is Rosie de Jager se "Spread your wings and fly" "as wenfoto aange wys. Al die aanlyn-foto-inskrywings kan op die klub se amptelike webtuiste <http://www.vdbp-photo.org/> besigtig word. Die klub kom maandeliks byeen op die kampus van die Noord-Wes Universiteit in die sentrum vir Telematiese Leer, Samancor-auditorium, Vanderbijlpark. Klubaande vind op die derde Vrydagaand van elke maand plaas en begin om 18:30. Alle belangstellendes is welkom.


Die volgende klubbyeenkoms is op 21 Junie en die maandonderwerp is "Flitsfotografie".

Kontakpersoon: Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za
Die webtuiste kan besoek word vir inspirerende fotos en berigte.


Besoek ook die Facebookblad by <https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub> waar

daar gereeld interessante wenke en foto's opgelaai word.

Mietsie Visser se Nagfotografie-wenfoto - "Melkweg en rotse".



Henk Scheepers se kreatiewewenfoto - "The swirl of life".



Koos Fourie se prag-landskapsfoto - "Sunrays through the clouds".